



UIT DIE VOORSITTERSTOEL:

Alhoewel 2018 vinnig besig is om deel van die geskiedenis te word, beloof dit om 'n besonderse jaar te wees aangesien dit ons beurt is om Nasionaal aan te bied.

National Camp – Mentorskraal, Jeffreys Bay

The planning and preparations for hosting the National Camp in December is well on track. However, the support and co-operation of all clubs is vital in ensuring a successful camp. Therefore, the Provincial Committee will approach all clubs to be actively involved in some or other way. A number of clubs already committed themselves for specific duties and responsibilities. **THIS MUST BE A TEAM EFFORT SUPPORTED BY ALL CLUBS.**

Baie dankie aan alle volwassenes wat hulle alreeds beskikbaar gestel het om tydens die kamp te help. Ons sien julle die naweek van 5 – 7 Oktober 2018 by Mentorskraal vir finale beplanning.

Provinsiale Kamp – Kareedouw

Hoër- en Laerskool Burgersdorp het 'n baie geslaagde Provinsiale Kamp te Kareedouw aangebied. Ongeveer 120 lede en 30 volwassenes het dit bygewoon. Baie dankie aan Mimi en haar span!

Congratulations to all members who were selected to represent Eastern Cape Land Service at the National Camps in December. I know you will do us proud.

Voorlopig ook baie dankie aan Sophia en Maria van Berlin wat vir ons die 2019 kamp gaan reël. Alle sterkte en voorspoed.

Goue Protea-toekenning

Baie geluk aan Mev. Sumara Snyman, Zizi Rens en Marilize Botha, wat die Goue Protea-toekenning, na 25 jaar se onbaatsugtige diens aan Landsdiens, verwerf het. Landsdiens is baie trots op julle. Julle verdien dit!

Ten slotte

Ons is dankbaar dat ons ledetal asook aantal kubs in 2018 vermeerder het. Ek glo en vertrou dat Landsdiens in die Oos-Kaap sal aanhou groei en dat ons volwassens se betrokkenheid en bereidwilligheid nie sal taan nie. Last but definitely not the least, I would like to express my appreciation and personal thanks to all our club leaders and their adult support teams for what you are doing for our youth through Land Service.

"Tough times never last. But tough people do."

(Dr. Robert Schuller)

N

D

A

B

A

AUG

2018

Aliwal-Noord Landsdiens

Ons Gee Om Landsdiens

67 minutes for Madiba!

Die ANHS Landsiens het Woensdag 18 Julie 67 minute spandeer om hul omgewing 'n bietjie beter te maak!

Die Junior groep het in die skooltuine ingevaar! Hulle het skoongemaak en ook die nuwe tuintjie tussen die klaskamers en hoofgebou afgerond.

Die seniorgroep het na die rivieroewer gegaan en daar langs die parkrun roete gaan skoonmaak. Na maande wat dit daar skoon was, word daar weer rommel langs die rivier gestort. Vele hande maak ligte werk en na 67 minute kon 'n daadwerklike verskil gesien word. Nie net lyk dit skoon en mooier nie, maar Moedernatuur is van erge besoedelaars soos plastiek gered!



Laerskool Aliwal-Noord

Die tweede kwartaal van 2018 lê op sy rug en ons kyk terug na nog 'n heerlike Landsdienservaring hier by Laerskool Aliwal-Noord. Die spreekwoord sê: "Hoe meer siele hoe meer vreugde!" Hoe kan ons dan anders as om pret en plesier te ervaar as ons 177 Landsdiensmaats 'n aktiwiteit aanpak!

Die Graad 6- en 7-lede het in die afgelope kwartaal meer oor die bewaring van water geleer en hulle het ook probeer om water uit die natuur te herwin deur sonketels te maak. Ongelukkig het dit gereën net nadat ons buite gewerk het en kon ons nie die volgende dag bepaal of ons sonketels suksesvol was nie! Maar almal het die lekker werkery buite in die veld nog steeds baie geniet.

By 'n volgende Landsdiensmiddag was handvaardigheid ons mikpunt en almal het pragtige modge-podge naamletters gemaak om in hul kamers op te hang. Die kwartaal se hoogtepunt was egter ons klubkamp by River Destiny. Bitter koud, maar met warm Landsdiensharte het almal die kamp en al die aktiwiteite wat daar aangebied is, terdeë geniet.

By die Graad 4- en 5-groep het die maats ook baie interessante aktiwiteite aangepak. Heel eerste het almal bietjie "wetenskaplik" verkeer en lawa-lampies gemaak. Sjoe, dit was omtrent 'n groot lekkerte om die olie en kleursel-kombinasies van almal te sien. Houtwerk is nie meer deel van die skoolkurrikulum nie en daarom poog ons by landsdiens om soortgelyke vaardighede aan te leer. Die jongklomp het begin met 'n pragtige spyker-span projek. Heel eerste het die seuns, én die dogters hul spykerraamwerke gemaak. Party krom en skeef, maar uiteindelik almal bruikbaar! Hou hierdie spasie gerus dop, want volgende kwartaal gaan hierdie projek voltooi word en gaan ons pragtige kunswerke hê om huis toe te neem!



Laerskool Aliwal Noord se senior landsdieners het vanmiddag geleer hoe om sonketels te maak en so water te kry in 'n oorlewingssituasie. Gate is gegrave en daarna is die holtes met take gevul voordat 'n swartsak bo-oor gesit is om die kondensasie van die vog in die blare te bewerkstellig. 'n Leë koeldrankbottel is in die middel van elke gat gesit om die water uiteindelik op te vang. Ons het dit baie geniet en hoop om more water in elke bottel te kry.



Graad 6 en 7 Landsdienskamp

Gedurende die naweek van 11 tot 13 Mei 2018 het 58 opgewonde Landsdieners, van Laerskool Aliwal-Noord se Ons Gee Om Landsdiensklub, die jaarlikse klubkamp meegegemaak. Die kamp is gehou by die lower groen kampterrein van River Destiny Lodge tussen Norvelspont en Colesberg.

Vrydagmiddag is afgeskop met tentopslaan. Vir party was dit 'n eerste en vir ander was hul naweek-akkomodasie in 'n oogwink gereed. Kort voor lank het die die sonskyn weer agter grys wolke verdwyn en het die koue toegeslaan. Dit kon egter nie die kampers se gees demp nie. Ysbrekers is gespeel en daar is lekker gelag om die koue te verdryf.

Na aandete het die kampers 'n geleentheid gekry om hul kreatiewe en innoverende denke te gebruik en hulself entrepreneur te hou. Planne is beraam om die grootste moontlike omset in beperkte tyd te genereer. Grappies is vertel, raaisels is gevra en toffies is gesmous,

alles vir springmelieliepitte. Buite het die wolke saamgepak en 'n ligte reënbusi het deur die nag gevallen.

Ondanks 'n koue en nat nag was die kampers se gees steeds goed Saterdagoggend. Die program vir die oggend het 'n besoek aan die Gariepdamwal ingesluit asook die verskeie uitkykpunte rondom die dam. Kampers het meer geleer van die geskiedenis van die dam, asook die omgewing rondom die grootste dam in Suid-Afrika.


Saterdagmiddag is gebruik vir handwerk. Kampers het opgedeel in 'n groep van meisies en seuns vir die middag. Die meisies het hulle naaldwerk vermoëns verfyn deur die maak van klein lap voëltjies wat ook as 'n borsspel gebruik kan word. Die seuns het model vliegtuie gebou uit vonkproppe en koeldrankblikkies.

Na 'n potjiekos-aandete, 'n gunsteling, is daar konsert gehou, nog 'n gunsteling op enige kampprogram. 'n Nuwe hedendaagse weergawe van die 3 varkies, rooikappie en ander sprokiesverhale het gesorg vir skaterlag onder die kampers. Laatnag is daar in die tente ingekruip.

Sondagoggend was dit weereens koud en nog nat. Die tente is stuk-stuk afgeslaan en oudergewoonte het die verlore handdoek, tentpen en teelepel sy eienaar gesoek. Die kamp is afgesluit met 'n kort en kragtige kerkdiens.

Baie dankie vir elke kamper wat die kamp meegebaar het en onberispelike gedrag getoon het deur die naweek. Baie dankie ook aan elke onderwyser wat die naweek moontlik gemaak het, van die juffrouens agter kospotte tot die busdrywers agter die stuurwiele.

Hoëskool Burgersdorp



Hoëskool Burgersdorp se landsdieners het die kuns van origami beoefen. Elkeen het die geleentheid gehad om iets te vou. Daar was voëltjies, harte en proteas gewees. Elkeen pragtig en met baie moeite gevou.



Die junior en senior landsdieners het hulle verf-pakkies aangetrek en ons het 15 van die skool dromme in 3 helder kleure geverf. Met musiek in die agtergrond het die afskuur sommer gou gegaan en kon ons begin om te verf. Daarna is daar landsdiensliedere gesing en afgesluit.

Hoër Volkskool

Hoër- en Laer Volkskool het saamgesmelt om 'n klubaktiwiteit te doen. Die Volskkole het 'n baie geslaagde sopprojek gehou waar ons #LiefdeVirOnsNaaste practise uitgeleef het. Die bydraes en reaksie van ons ouers het al ons verwagtinge oortref en meer as 200 liter sop en 150 brode kon uitgedeel word. Beslis 'n projek wat ons kinders weer laat besef het hoe bevoorreg ons is.



Laer Volkskool

Laer Volkskool se Landsdieners het met draad en krale gewerk. Elkeen het 'n teelepel versier vir 'n vroeë Moedersdaggesken.



Hoërskool Framesby





Framesby se Landsdieners het plante op die terrein geplant, linedancing gedoen en boereworsrolle gemaak.

Framesby se landsdieners het 'n uitstappie gehad na African Dawn. Daar is 250 verskillende voël spesies en baie ander diere om te bevestig. Rettig die moeite werd.



Nkosi Sikelela(Private School)

Nkosi se Landsdieners het vir handwerk armbandjies gemaak.



Strelitzia

Land Service Strelitzia had a tent club camp this long weekend. We camped on the Tortoise Valley from 27-29 April. The activities we did started with setting up our tents, an ice breaker, singing Land Service songs at the bonfire, each member had to make their own braai, hiking on trails that was challenging for some, shelter building (The groups had to build a shelter and water and sand was poured to see if the shelter was fit enough to protect them.), a well informed first aid course, arts and crafts with an old t-shirt spray painted to allow creativity and lastly the “Landsdieners” had a potjiekos competition #Masterchef (Given the same ingredients). The same ingredients can taste different! Thee winners got a cake and a spoon painted red. The RED team won! A well educated experience that our learners enjoyed.



Provinsiale kamp



Tydens die Junie vakansie het Oos-Kaap Lansdsiens van 25-29 Junie in Kareedouw gekamp. Kareedouw 'n klein dorpie met 'n ryk geskiedenis. Die dorpie is tussen Jeffreysbaai en Plettenbergbaai geleë. Daar het hulle in Douwkamma koshuis gebly.

Ons Lansdsieners het meer oor die geskiedenis van die dorpie geleer deur 'n skattejag in die dorp te hou. Daar was drie dae propvol aktiwiteite. Die kampers was gedeel in drie groepe. Waar elkeen van die volgende groepe die volgende program gevolg het.

Perdry, bossie uittrek en 'n staproete tussen die berge. Die middag was dit handwerk(eetgerei sakkies), speletjies en 'n skattejag. Waarby 'n paar van die landsdieners ook van die geleentheid gebruik gemaak het om geocachers te soek.

Die ander dag was die stranddag gewees. Die oggend was op 'n pragtige proteaplaas gespandeer. Daarna het hulle almal 'n berg geklim en die seeuitsig geniet. Na middagete was dit tyd vir "survivor" op die strand gewees.

Die laaste dag was ons uitstappie dag. Ons het die oggend by Tsitsikamma Crystal 'n waterfabriek besoek. Daarna was hulle Birds of Eden toe gewees. dit is die grootste onderdak voëlpark in die suidelike halfrond. Die res van die dag kon hulle in die winkelsentrums spandeur.

Die aandprogramme was vol samesang, gassprekers en natuurlik die hoogtepunt was ons konsert en die sokkie.

Dit was 'n heerlike kamp en Vrydagoggend het almal vroeg vertrek met 'n heerlike "breakfast bun" in die hand.